
# Vuurwapenlisensie-aansoekproses



AfriForum

## STAP 1: DIE VAARDIGHEIDSERTIFIKAAT



Eerstens moet jy by ’n behoorlik geregistreerde en geakkrediteerde persoon of maatskappy aanklop vir opleiding en uiteindelik die teoretiese eksamen en praktiese skietassessering aflê. ’n Lys van geakkrediteerde diensverskaffers is beskikbaar op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se webtuiste by **www.saps.gov.za/services/flash/main_firearms.php**. Sodra die assesserings suksesvol afgehandel is en die kandidaat geslaag het, sal die vaardigheidsertifikaat uitgereik en aan die kandidaat oorhandig word.

## STAP 2: DIE BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT

Sodra die vaardigheidsertifikaat bekom is, kan jy by die naaste polisiestasie wat jurisdiksie het oor jou residensiële adres, aansoek doen vir ’n bevoegdheidsertifikaat. Die aansoekvorm, asook ’n lys van dokumente wat die vorm moet vergesel, is beskikbaar by **www.saps.gov.za/services/flash/firearms/faq_applying_for_new_licence.php**. Dit is raadsaam om die polisiestasie self te besoek om die nodige vorms, dokumentelys en inligting rakende die betaalbare bedrag te kry. Nadat die aansoek ingedien is, moet jy geduldig wag, aangesien dit etlike maande kan neem vir goedkeuring. Jy sal ’n SMS-boodskap as bevestiging van ontvangs van die aansoek ontvang, asook ’n verwysingsnommer. Hierdie verwysingsnommer en jou identiteitsnommer kan gebruik word om die aansoek se vordering na te gaan by **www.saps.gov.za/services/firearm_status_enquiry.php**. Onthou om die bewys van betaling veilig te bewaar.



## STAP 3: TE KUS EN TE KEUR

Terwyl jy op die bevoegdheidsertifikaat wag, kan jy ondersoek instel na ’n kluis en vuurwapen wat jou behaag. Die opsies is legio en wapenwinkels bied dikwels die geleentheid om met ’n vuurwapen te skiet voordat jy dit koop. Dit is ook nou die tyd om met ander mense oor jou opsies te gesels en die internet vir meer inligting te raadpleeg. Installeer die kluis wat jy gekoop het in jou huis op die voorgeskrewe wyse. Gesels ook met die vuurwapenwinkel vir verdere leiding en raadpleeg jou vaardigheidsertifikaat-opleidingsmateriaal vir insig.

## STAP 4: DIE LISENSIE-AANSOEK



Sodra jy die SMS ontvang wat die suksesvolle oorweging van die bevoegdheidsertifikaat bevestig, kan jy die polisiestasie nader om ’n kopie van die sertifikaat te kry. Met dié sertifikaat in die hand kan jy die vuurwapen wat jy in die vorige stap geïdentifiseer het, aankoop. Die wapenhandelaars sal die nodige vorms verskaf wat deels deur hulle ingevul is. Neem hierdie vorms, saam met die lys van vereiste dokumente, na die polisiestasie om jou aansoek in te dien. Die lys van vereiste dokumente is ook beskikbaar by **www.saps.gov.za/services/flash/firearms/faq_applying_for_new_licence.php**. Omdat die motivering wat by die aansoek ingesluit moet word tegnies kan wees, is dit raadsaam om ’n deskundige te raadpleeg om jou te help met die skryf daarvan. Die polisie kan ook ’n kluisinspeksie kom doen om te verseker dat alles volgens die vereistes geïnstalleer is.

## STAP 5: PLUK DIE VRUGTE VAN VOLHARDING

Sodra jy die SMS ontvang dat jou lisensie goedgekeur is, kan jy by die polisiestasie navraag doen oor jou lisensiekaart. Jy kan ook in die tussentyd aansoek doen vir ’n tydelike permit as bewys van die goedkeuring van jou vuurwapenlisensie. Hierdie opsie is bevestig deur die SAPD weens die lang wagtyd vir die druk van vuurwapenlisensiekaarte. Sodra jy die lisensie ontvang het, kan jy jou vuurwapen gaan afhaal. Baie geluk! Jy het nou as verantwoordelike burger ’n wesenlike stap gedoen om jouself en jou gesin te beveilig.

## STAP 6: BEMAGTIG JOUSELF EN OEFEN

Om ’n vuurwapen te besit, gaan gepaard met groot verantwoordelikheid. Raak betrokke by jou plaaslike buurtwag, woon skietdae by, en woon lesings oor die gebruik van ’n vuurwapen en vuurwapenwetgewing by. Ontleed gereeld verskillende scenario’s en oefen gereeld op die skietbaan. Woon ook ’n praktiese skietkursus by. Kontak AfriForum vir ondersteuning hiermee. Nou is die tyd om daadwerklik op te tree. Van sit en staan kom niks gedaan.



